Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaap Onderwysdepartement
**Direktoraat: Kurrikulum VOO**

# GEOGRAFIE

## Graad 12

## LEERDER ONDERSTEUNING

## Hersiening Kwartaal 2

# LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die tweede kwartaal onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal.

**NB ASB DIE VOLGENDE:**

- Hierdie ondersteuningsmateriaal sluit QR kodes in.
- Installeer QR Reader op jou slimfoon.
- Skandeer die QR kode met die kamera van jou slimfoon
- Die les van die spesifieke onderwerp sal dan op jou foon verskyn



## INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| | Wat moet ek ken om 40%, 50% en 70% te behaal? | 3 |
| 1 | Landelike nedersetting | 4 |
| 1.1 | Kern en verspreide patrone | 4 |
| 1.2 | Landelike en stedelike nedersettings | 4 |
| 1.3 | Ronde, linieêre en kruispad buitelynvorm | 5 |
| 1.4 | Landelike nedersettingskwessies | 5 |
| 2 | Stedelike nedersetting | 6 |
| 2.1 | Standplaas en ligging | 6 |
| 2.2 | Tipes stedelike nedersettings volgens funksie | 7 |
| 2.3 | Stedelike hiërargieë | 7 |
| 2.4 | Stedelike struktuur | 8 |
| 2.4.1 | Grondgebruiksones | 8 |
| 2.4.2 | Straatpartone | 9 |
| 2.4.3 | Stedelike profiel | 10 |
| 2.5 | Stedelike nedersettingskwessies | 10 |
| | Informele nedersettings | 11 |
| | **Aktiwiteite** | |
| | Aktiwiteit 1 : Landelike nedersetting | 12 |
| | Aktiwiteit 2 : Landelik-stedelike migrasie | 13 |
| | Aktiwiteit 3 : Grondhervorming | 14 |
| | Aktiwiteit 4 : Stedelike nedersetting | 15 |
| | Aktiwiteit 5 : Sredelike nedersettingskwessies | 16 |
| | Aktiwiteit 6 : Nedersettings konsepte | 17 |

**Wat moet ek ken/verstaan om 40%, 50% en 70% te behaal?**

| **40% (30 punte per vraag)**<br>***MOET DIE BASIESE KENNIS HÊ*** | **50% (38 punte per vraag)**<br>**Voeg die volgende by** | **70% (punte per vraag)**<br>**Voeg die volgende by** |
|---|---|---|
| **LANDELIKE NEDERSETTING**<br>• Onderskei tussen kern en verspreide patron<br>• Onderskei: landelike en stedelike nedersettings<br>• Redes vir ronde-, linieêre- en kruispaddorp<br>**LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES**<br>• Bespreek die oorsake, gevolge en bestuur van landelike ontvolking<br>**STEDELIKE NEDERSETTING**<br>• Definieer standplaas en ligging<br>• Klassifikasie: Sentraleplek, Handels en vervoer, Gespesialiseerd. Identifiseer op karate.<br>**STEDELIKE STRUKTUUR**<br>• Bespreek ligging en kenmerke vd volgende grondgebruiksones: SSK, Industrie, Vervalsone, Kommersieel, Landelik-stedelike oorgangsone<br>• Identifiseer die 3 straatpatrone + verduidelik voor- en nadele van elk.<br>• Stedelike profiel. Waar hoogste geboue, waarom<br>**STEDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES**<br>• Hoe kan verkeersopeenhoping bestuur word?<br>• Beskryf informele nedersettings en kwessies. | **LANDELIKE NEDERSETTINGS**<br>• Definieer standplaas en ligging<br>**LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES**<br>• Sosiale geregtigheid kwessies in landelike nedersettings<br>**STEDELIKIE HIERARGIEë**<br>• Konsepte : sentraleplek, drempel bevolking, invloedsfeer, rang van goedere<br>• Wat is lae- en hoë-orde funksies?<br>**STEDELIKE STRUKTUUR**<br>• Modelle van stedelike struktuur<br>• Bespreek die kenmerke van Derde wêreld en Suid-Afrikaanse stede. (toepassing op diagramme)<br>**STEDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES**<br>• Bespreek die bestuur van informele nedersettings en kwessies | **LANDELIKE NEDERSETTINGS**<br>• Klassifikasie : Funksie<br>**LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES**<br>• Bespreek en bestuur alle sosiale geregtigheid kwessies<br>**STEDELIKE NEDERSETTING**<br>• Die ontstaan en ontwikkeling van stedelike nedersettings<br>**STEDELIKE HIERARGIEë**<br>• Wat is lae- en hoë-ores sentrums? Voorbeelde<br>**STEDELIKE STRUKTUUR**<br>• Hoe het die post-apartheid era veranderinge in stedelike patrone en grondgebruik in SA meegebring?<br>**STEDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES**<br>• Bespreek die bestuur van alle kwessies. |



| | **VRAE WAT GEOGRAWE VRA** | **VOORBEELD VAN EKSAMENVRAAG** |
|---|---|---|
| **1** | Wat is dit? | Identifiseer die grondgebruiksone by A. |
| **2** | Waar is dit? | Word die vervalsone by B of C aangetref? Gee TWEE redes vir jou antwoord. |
| **3** | Waarom is dit daar | Bespreek die faktore wat die ligging van die nywerhede by D beinvloed het. |
| **4** | Hoe lyk dit? | Beskryf die tipe geboue en funksies in die vervalsone. |
| **5** | Wat is die impak op die omgewing? | Identifiseer die bronne van besoedeling in die stad op die diagram. |
| **6** | Hoe kan dit bestuur word? | Verduidelik wat gedoen kan word om verkeersprobleme in die stad te bestuur. |
| ***Vra hierdie vrae wanneer jy enige onderwerp in Landelike en Stedelike Nedersetting voorberei. Vrae 5 en 6 is gewoonlik die paragraaf-tipe vrae (4x2=8). Onthou dat jy nie Geografie soos 'n PAPPEGAAI kan leer nie!! Vrae word net nie so gestel nie.*** | | |

# 1. LANDELIKE NEDERSETTING

## 1.1 KERN EN VERSPREIDE PATRONE


***Sleutelvraag:***

- *Identifiseer die patroon + redes*
- *Watter faktore beïnvloed die tipe of patroon?*
- *Voordele en Nadele van* Kern en Verspreide nedersettingspatrone*.*


| KERN NEDERSETTING | VERSPREIDE NEDERSETTING |
|---|---|
|  |  |
| X – Grond wat aan een eienaar behoort | ------- Plaasgrense<br>• Nedersettings |
| • LOS stukkies grond<br>• VOORMAN bestuur landjies<br>• GEEN onafhanklike BESLUITE<br>• Woon in DORPIE<br>• Baie RONDREISERY<br>• MEGANISASIE moeilik | • GROOT ENKELE stuk grond<br>• Bestuur SELF plaas<br>• Onafhanklike BESLUITE<br>• Woon op PLAAS<br>• Geen RONDREISERY<br>• MEGANISASIE maklik |

## 1.2 LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

*Onderskei tussen landelike en stedelike nedersettings*




## 1.3 RONDE, KRUISPAD EN LINIEÊRE DORPIES




## 3.2 LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES

***Sleutelvraag:***

- *Definieër landelik-stedelike migrasie.*
- *Bespreek die oorsake van landelik-stedelike migrasie (Stoot/Trek faktore).*
- *Bespreek die gevolge van landelik-stedelike migrasie.*
- *Wat kan gedoen word om mense in landelike gebiede te bly?*
- *Wat is grondhervorming?*
- *Noem en verduidelik die verskillende tipes grondhervorming.*
- *Wat is die uitdagings van grondhervorming*



# 2. STEDELIKE NEDERSETTING

## 2.1 STANDPLAAS EN LIGGING

*'n Kombinasie van fisiese en menslike faktore bepaal waar stedelike nedersettings gevestig word.*

Fisiese faktore: Vars water, onderliggende rotsstrukture, reliëf, dreinering aspek,hang aspek, hulpbronne
Sosiale faktore: Vervoerroetes, hawens, verdediging boumateriaal,voedselvoorraad



## 2.2 TIPES STEDELIKE NEDERSETTINGS VOLGENS FUNKSIE

***Sleutelvrae:***


- *Noem die drie tipes stedelike nedersettings*
- *Beskryf elkeen van die stedelike nedersettings.*
- *Identifiseer die tipes stedelike nedersettings op kaarte en diagramme.*

| **1. SENTRALEPLEK stede** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Dorpe wat omliggende landelike gebiede voorsien van goedere en dienste.* | | | | |
| Byvoorbeeld: Upington verskaf gesentraliseerde dienste aan mense wat in YL bevolkte Noordkaap woon. | | | | |
| **2. HANDEL EN VERVOER STEDE/DORPE** | | | | |
| *Gevestig deur vervoerroetes. Daar is drie soorte* | | | | |
| **Vragbrekingspunte**<br>• Vervoer verander (bv.seevervoer na padvervoer).<br>• Bv: Kaapstad | **Aansluitingsdorpe**<br>• Kruising van twee of meer hoof verkeerroetes.<br>• Bv: De Aar | **Poort-/deurgangsdorpe**<br>• Toegangspunt by 'n fisiese versperring (bergpasse)<br>• Bv: Worcester | | |
| **3. GESPESIALISEERDE STEDE/DORPE** | | | | |
| Mynbou<br>Bv: Welkom | Opvoedkunde<br>Bv: Stellenbosch | Nywerheid<br>Bv: Secunda | Ontspanning<br>Bv: Margate | Pendelaar<br>Bv: Soweto |

## 2.3 STEDELIKE HIËRARGIEË

***Sleutelvrae:***

- *Definieer die konsepte Stedelike hiërargië, Sentraleplek, Drempelbevolking, Invloedsfeer en Reikwydte.*
- *Toepassing van konsepte op kaarte en diagramme*



## 2.4 STEDELIKE STRUKTUUR

### 2.4.1 Grondgebruiksones

*Sleutelvrae*

- *Identifiseer die grondgebruiksone.*
- *Waar word dit gevind?*
- *Beskryf die eienskappe/ kenmerke.*

| Grondgebruiksones | | Waar? | Eienskappe/ Kenmerke |
|---|---|---|---|
| **SSG** | | • Mees toeganklik<br>• Waar vervoerroetes ontmoet<br>• In die middel van die stedelike gebied. | • Hoogste grondwaardes<br>• Grootste geboukonsentrasie<br>• Hoogste geboue<br>• Konsentrasie van winkels en kantore.<br>• Hoë-orde kommersiële funksies. |
| **Industries** | **(a) Ligte nywerhede** | • Baie naby die SSK of behuisingsgebiede<br>• In beplande nywerheidsgebiede<br>• Naby vervoerroetes. | • Min geraas en lugbesoedeling.<br>• Geen swaar masjinerie. |
| **Industries** | **(b) Swaar nywerhede** | • Buite die stad op goedkoop land<br>• Naby hoofvervoerroetes<br>• Op plat, geleidelike land<br>• Naby waterbronne | • Baie lug- en geraasbesoedeling<br>• Gevaarlik |
| **Residential** | **(a) Middel tot hoë inkomste** | • Verder van SSK geleë.<br>• Goeie uitsig. | • Groter eiendomme<br>• Goeie dienste<br>• Ontspanningsgeriewe. |
| **Residential** | **(b) Lae inkomste** | • Nader aan SSK. | • Huise naby mekaar.<br>• Minder fasiliteite<br>• Minder dienste.<br>• Kleiner eiendomme. |
| **Residential** | **(c) Informele nedersetting** | • Op die rand van die SSK | • Huise uit plastiek, hout, sink gebou.<br>• Ongesonde toestande.<br>• Geen dienslewering<br>• Armoede<br>• Misdaad |
| **Sone van verval (Oorgangsone)** | | • Net buite die SSK | • Gemengde funksies(behuising, besighede, ligte nywerhede)<br>• Geboue is vervalle<br>• Hernuwing<br>• Kosbare eiendom |
| **Landelik-stedelike rand** | | • Aan die buitewyke van die stad | • Indringing van stedelike funksies in landelike gebiede.<br>• Landelik en stedelike funksies.<br>• Groot eiendomme op goedkoop grond.<br>• Plotte en kleinhoudings<br>• Lughawens, begraafplase, kragstasies, gholfbane, rioolwerke. |
| **Groengordels** | | • Binne/ om SSK | • Parke and sportvelde<br>• Geen geboue in die gebied<br>• Maak stadslug skoon.<br>• Vir ontspanningsdoeleindes<br>• Digte behuising |





### 2.4.2 Straatpatrone



*Sleutelvrae **(1ste en 2de vraestel)***


- *Identifiseer die straatpatrone.*
- *Bespreek die voordele van al 3 straatpatrone.*
- *Bespreek die nadele van al 3 straatpatrone.*

| Naam | Ruit of Reghoekig | Radiaal-konsentries | Onreëlmatig |
|---|---|---|---|
| |  |  |  |
| **Kenmerke** | Paaie kruis reghoekig. Ou patroon | Paaie straal uitwaarts van 'n sentrale punt af soos 'n spinnekopweb. | • Geen struktuur<br>• Kan beplan of onbeplan wees. |
| **Voordele** | • Maklik te vestig.<br>• Grond maklik verdeel.<br>• Maklik om plekke te kry. | • Makliker verkeersvloei.<br>• Alle paaie kom by sentrale punt uit. | • Verbeter verkeersvloei<br>• Minder kruisings<br>• Akkomodeer die landskap |
| **Nadele** | • Stadige verkeervloei<br>• Eentonig<br>• Ongelukke | • Verkeersknope<br>• Stadige verkeersvloei<br>• Vermors van ruimte | • Moeilik om te beplan<br>• Maklik verlore raak<br>• Moeilik om uit te brei. |

### 2.4.2 Stedelike profiel

***Sleutelvrae*:**

- *Wat is 'n* Stedelike profiel?
- *Beskryf hoe geboue verander soos jy weg van die SSK beweeg.*
- *Hoe verander die hoogte en digtheid van die profiel?*




## 2.5 STEDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES

***Sleutelvrae***

- *Beskryf die oorsake van elke kwessie.*
- *Wat is die gevolge van elke kwessie?*
- *Hoe kan die kwessies beheer en bestuur word?*

| | VERKEERSOPEENHOPING | STEDELIKE VERVAL | OORBESETTING |
|---|---|---|---|
| **OORSAKE** | • Te veel mense gebruik hul eie motors<br>• Nie genoeg openbare vervoer<br>• Ou straatpatroon | • Oorbevolking in die stad<br>• Leë geboue | • Groot aanvraag vir eiendom<br>• Te veel stadbewoners. |
| **EFFEKTE** | • Lugbesoedeling<br>• Meer ongelukke<br>• Stres, gesondheidsprobleme Padwoede. | • Krotbuurttoestande<br>• Dienste verval<br>• Toename in besoedeling<br>• Area vervuil | • Toename in besoeling<br>• Gesondheidsprobleme<br>• Omgewing word vernietig<br>• Te veel vullis produseer |
| **OPLOSSINGS** | • Verbeter openbare vervoer<br>• Saamry klubs<br>• Desentralisasie van besighede<br>• Sinkroniseer verkeersligte | • Opknapping<br>• Opheffingsprogramme<br>• Verminder behuisingsdigtheid<br>• Verbeter dienste | • Desentralisasie van funksies<br>• Groengordels<br>• Beter bestuur en monitering van besoedeling |

## INFORMELE NEDERSETTINGS

***Sleutelvrae***

- *Wat is 'n informele nedersetting?*
- *Waar word informele nedersettings aangetref?*
- *Watter probleme/kwessies word in stedelike nedersettings aangetref?*
- *Wat kan gedoen word om die probleme te bestuur?*



# HERSIENINGSAKTIWITEITE

## HERSIENINGSAKTIWITEIT 1 : LANDELIKE NEDERSETTING

*Om hierdie aktiwiteit te voltooi, moet jy die inhoud van of Grootte en kompleksitiet, Kern en verspreid, Landelik en Stedelik en die buitelynvorm van landelike nedersettings verstaan. Al hierdie konsepte word op die foto's toegepas. Jy moet die verhouding tussen die konsepte sien om die vrae te kan beantwoord.*

Die vrae is gebaseer op die onderstaande fotos








| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | (a) Is die nedersettings in die fotos landelik of stedelik? | (1x1) (1) |
| | (b) Gee 'n rede vir jou antwoord. | (1x2) (2) |
| 1.2 | (a) Is nedersetting A 'n boeredorpie of 'n stad? | (1x1) (1) |
| | (b) Gee 'n rede vir jou antwoord. | (1x2) (2) |
| 1.3 | (a) Identifiseer die patroon van die nedersettings by A en B. | (2x1) (2) |
| | (b) Gee 'n rede vir jou antwoord vir beide A en B. | (2x2) (2) |
| 1.4 | Gee TWEE faktore wat die standplaas van B beïnvloed het. | (2x2) (2) |
| 1.5 | Identifiseer die buitelynvorm van nedersetting A. | (1x1) (1) |
| 1.6 | In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik waarom nedersetting B beter is vanuit 'n ekonomiese oogpunt. | (4x2) (8) |

## HERSIENINGSAKTIWITEIT 2 : LANDELIK-STEDELIKE MIGRASIE

*Om hierdie aktiwiteit te voltooi, het jy 'n baie goeie begrip van die proses, gevolge en bestuur van landelik-stedelike migrasie nodig. Hierdie vrae kan op 'n verskeidenheid bronne soos grafieke, spotprente, diagramme, gevallestudies en kaarte gebaseer word.*

Die onderstaande grafiek toon die tendens van die landelike bevolking in Suid-Afrika van 2004 tot 2015.

Volgens die Wêreldbank is die landelike bevolking (% van totale bevolking) in Suid-Afrika in 2015 laas op 35,20 gemeet,. Landelike bevolking verwys na mense wat in landelike gebiede woon, volgens die nasionale statistiek kantoor.




[Bron: http://www.tradingeconomics.com/south-africa/rural-population-percent-of-total-population-wb-data.html]

2.1 Lewer kommentaar op die tendens vanaf 2004 tot 2015 in the grafiek rakende mense wat in die landelike gebiede van Suid-Afrika woon. (1 x 1) (1)

2.2 Watter persentasie van Suid-Afrikaners het in landelike gebiede in 2015 gewoon? (1 x 1) (1)

2.3 Gee 'n geprojekteerde persentasie vir die Suid-Afrikaanse landelike bevolking in 2018. (1 x 2) (1)


2.4 Watter impak sal die tendens in Vraag 2.1 op die landelike nedersettings in die toekoms hê? (2 x 2) (1)

2.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek strategieë om mense In landelike nedersettings te hou. (4 x 2) (8)

## HERSIENINGSAKTIWITEIT 3 : GRONDHERVORMING

*Jy moet die drie tipes grondhervorming en die uitdagings wat grondhervorming in die gesig staar ken om hierdie aktiwiteit te voltooi. Hierdie vraag word gewoonlik op 'n gevallestudie gebaseer. Moet nooit 'n gevallestudie as 'n begripstoets hanteer nie. Gevallestudies word gewoonlik gebruik om addisionele inligting en agtergrond te verskaf waarop die vrae gebaseer is. Sommige van die antwoorde van lae-orde vrae kan in die gevallestudie gevind word, maar jy moet nog steed die inhoud ken om die hoë-orde vrae suksesvol te kan beantwoord.*

Bestudeer die onderstaande gevallestudie.




### Wat sommige Bakwena mense sê oor hulle verhuising

*"My mense, die Bakwenas, het so ver terug as 1913 grond gekoop by Mogopa. Dit was ons grond, maar dit het deel van Suid-Afrika geword wat vir die Blankes opsy gesit is. In 1984 is ons gedwing om na Pachsdraai te trek."*

*"Ons wou nie trek nie, maar het geen keuse gehad nie. Hulle het ons huise afgebreek en ons pensioenbetalings gestaak. Ons het baie donkies, bokke en beeste gehad. Ons het mielies, boontjies en sorghum geplant. Ons het steenhuise, drie skole, vier kerke, twee waterpompe en 'n reservoir gehad. Nou het ons net bouvalle."*

*"Sommige mense het R2 000 vir hulle huise ontvang. In die nuwe plek het ons niks nie. Ons het geen geld vir ons grond gekry wat ons verlaat het nie. Nou het ons nie krane en lopende water nie. 'n Tenkwa kom om die dromme buite ons sinkhuise met water te vul. Die naaste dorp is baie ver. Ons het nie werk nie en kan nie onsself van kos voorsien nie."*

3.1 Watter wet het die Bakwenas gedwing om hulle grond te verlaat? (1 x 1) (1)

3.2 Hoe ver was die Bakwenas gedwing om na Pachsdraai te reis? (1 x 1) (1)

3.3 Waarom was grondhervorming eers na 1994 bekendgestel? (1 x 1) (1


3.4 Watter grondhervormingsproses in post-apartheid Suid-Afrika, sal bepaal dat die grond aan die Bakwenas teruggegee word? (1 x 1) (1)

3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die uitdagings wat die Bakwenas in die gesig tydens die proses van grondhervorming staar. (1 x 1) (1)

# HERSIENINGSAKTIWITEIT 4 : STEDELIKE NEDERSETTING

*Hierdie aktiwiteit integreer grondgebruiksones, stedelike profiel en straatpatrone (plan). Jy moet die inhoud van al drie ken en besef hoe nou hulle in realiteit verbind is.*

Die onderstaande diagram is 'n stedelike profiel wat die verhouding tussen grondgebruiksones en en geboudigtheid aantoon.




4.1 erwys na grondgebruiksone **A**.

(a) Noem die grondgebruiksone. (1 x 1) (1)

(b) Gee TWEE kenmerke van grondgebruiksone **A**. (2 x 1) (2)

(c) Waarom is hierdie grondgebruiksone geskik vir die ligging van ligte nywerhede? (1 x 2) (2)

(d) Stel EEN rede vir grondgebruiksons **A** se hoë grondwaardes voor. (1 x 2) (2)

4.2 Gee TWEE bewyse wat voorstel dat grondgebruiksone **B** 'n hoë-inkomste residensiële sone is. (2 x 2) (4)

4.3 Verduidelik waarom grondgebruiksones **B** en **C** nie versoenbaar is nie. (2 x 2) (4)

4.4 (a) Identifiseer die straatpatroon in die SSK en die hoë-inkomste residensiële gebied (2x2) (4)


(b) Gee TWEE nadele van die straatpatroon in die SSK. (2x2) (4)

(c) Gee TWEE voordele van die straatpatroon in die hoë-inkomste residensiële gebied. (2x2) (4)

## HERSIENINGSAKTIWITEIT 5 : STEDELIKE KWESSIES

*Verkeersopeenhoping, as as 'n stedelike kwessie, is 'n baie gewilde eksamenvraag. Verwag 'n vraag op enige stedelike kwessie met betrekking tot oorsake, gevolge en*

**Kan 'n stad ooit vry van verkeersopeenhopings wees?**




Verkeersopeenhopings is die oorsaak van voortdurende ongerief vir motoriste. Opeenhopings is nie net frustrerend nie, hulle is ook 'n groot bydraer tot lugbesoedeling , wat nie net nadelig is vir ons klimaat nie, maar ook die gesondheid van elkeen van ons. Dan is daar ook die ekonomiese verlies aan werksure.

Elke stad het sy unieke stel verkeesprobleme, maar daar is n paar algemene kwessies: baie mense volhard daarin om hulle eie motor te gebruik, in plaas daarvan om saam te ry of om fietse te gebruik. Bestuurders in tot 'n derde van motors op paaie soek vir 'n plek om te parkeer; en dan is daar nog die menslike faktor: die meeste van ons is eenvoudiglik net nie baie bekwame bestuurders nie.

So wat is die oplossing? ..........................................................................

..........................................................................................................

Bron: BBC Future - **http://www.bbc.com/future/story/20140611-can-we-ever-end-traffic-jams**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.5.1 | Definieer die term *verkeersopeenhoping.* | (1x1) | (1) |
| 3.5.2 | Waarom was die mense in die motor in 1985 betyds, maar laat in 2015? | (1x2) | (2) |
| 3.5.3 | Gee EEN negatiewe invloed volgens die artikel van verkeersopeenhopings op elk van die volgende:<br>(a) die fisiese omgewing<br>(b) die pendelaar<br>(c) die ekonomie | (3x2) | (6) |
| 3.5.4 | Skryf DRIE sinne om die laaste paragraaf in die artikel ten opsigte van verkeersopeenhopings te voltooi. | (3x2) | (6) |

## HERSIENINGSAKTIWITEIT 6 : NEDERSETTINGSKONSEPTE

*Terminologie is die sleutel om Geografie suksesvol te beantwoord. Jy moet hierdie konsepte ken sodat jy die vraag kan verstaan en oor die nodige woordeskat beskik om die vrae te kan beantwoord.*

Gee die korrekte definisie/beskrywing van elk van die volgende konsepte. Skryf slegs die definisie/beskrywing langs die konsep. Gebruik hierdie hersieningsboekie en jou handboek.

| | Konsep | Definisie/beskrywing |
|---|---|---|
| 1 | Kern nedersetting | |
| 2 | Verspreide nedersetting | |
| 3 | Landelike nedersetting | |
| 4 | Stedelike nedersetting | |
| 5 | Ronde buitelynvorm | |
| 6 | Linieêre buitelynvorm | |
| 7 | Kruispad vorm | |
| 8 | Landelik-stedelike migrasie | |
| 9 | Stootfaktor | |
| 10 | Trekfaktor | |
| 12 | Grondrestitusie | |
| 13 | Grondherverdeling | |
| 14 | Grondbesithervorming | |
| 15 | Standplaas | |

| | Konsep | Definisie/beskrywing |
|---|---|---|
| 16 | Ligging | |
| 17 | Sentraleplekstad | |
| 18 | Vragverbrekingspunt | |
| 19 | Aansluitingsdorp | |
| 20 | Poortdorp | |
| 21 | Stedelike hiërargie | |
| 22 | Sentraleplek | |
| 23 | Drempelbevolking | |
| 24 | Invloedsfeer | |
| 25 | Reikwydte | |
| 26 | Grondgebruiksone | |
| 27 | Stedelike profiel | |
| 28 | Verkeersopeenhopings | |
| 29 | Stedelike verval | |
| 30 | Oorbesetting | |